

1 Augustus

Die gebed van die gelowige het groot krag

Skrifgedeelte: Genesis 26:34, 35; 27:46 – 28:9

Fokusgedeelte: Genesis 26:34 en 35 (OAV)

Ouers worstel baie oor hulle kinders, oor hulle sonde, hulle swaarkry, hulle toekoms, ook oor hulle kinders se vroeë dood. Hoe verskriklik swaar is dit ook om te worstel met jou kind se ongeloof, se heidense uitgangspunte, en ook die gevolge daarvan, veral die ewige gevolge daarvan!

Esau het getrou met twee Hetitiese vrouens, heidense vrouens. Die gevolge hiervan vir Esau word nie in detail in die Bybel beskryf nie. Daarom kan ons maar net spekuleer hieroor, naamlik dat hulle moontlik geen liefde of ontsag of respek vir die ouers van Esau, Isak en Rebekka, gehad het nie, of dat hulle 'n heidense lewenswyse gehad het waarvan vloek en skel en hoereer moontlik deel was, of dat hulle geen erg gehad het aan die geloofsoortuigings waarin Esau grootgemaak is nie, en dalk ook nie toegelaat het dat hulle seuntjies besny sou word, en so die verbondsteken van die Here sou ontvang, nie.

Hoe dit ook al sy: *“En hulle was vir Isak en Rebekka 'n bitter verdriet”*. Soveel so dat hulle vir Jakob weggestuur het om 'n vrou te gaan soek by Rebekka se familie. Ja, as Jakob ook met 'n plaaslike, heidense vrou sou trou, kon Rebekka in die diepte van depressie verval, volgens wat sy self aan Isak sê in Genesis 27:46.

Die hart van 'n moeder! Die worsteling en verdriet van ouers!

Het jy ook al die gevolge van bitter verdriet, van ontoetsbare hartseer, diepe depressie, en selfs die wens om maar eerder te sterf, moes verduur, of by ander gesien, en moes help dra? Hoe hanteer mens dit? In eie krag is dit onmoontlik.

Die opdrag aan Jakob dat hy by sy ma se familie na 'n gelowige lewensmaat moes gaan soek, gee die antwoord.

Die Here sien en weet alles. Ook net Hy weet wat die uiteinde van alles sal wees. Net Hy kan ons swaar verstaan en aan ons deur sy Gees die krag gee om dit te kan verduur.

Weet dat, swaarder as wat Jesus sy hele lewe op aarde, maar veral aan die kruis, gely het, jy nooit sal hoef te ly nie. *Dit is jou troos*.

En jou opdrag? Bid voortdurend dat die Here kragtig deur sy Gees die harte van hulle wat soveel droefheid veroorsaak, sal verander, en deur berou en bekering weer op die regte pad sal bring. *Onthou*: die vurige gebed van die regverdige het groot krag!

Sing: Psalm 38:8 en 17 (Totius)

Ds. Lourens du Plessis (Delmas)